

NASIONALE MUSEUM REKENARISEER

J.H. van Wyk



*Hanelien de Villiers
besig met dataver-
werking.*

Rekenaars, veral mini-rekenaars, is vandag vrylik beskikbaar teen pryse wat selfs die gewone man se sak pas. Die wye reeks funksies wat so 'n relatief eenvoudige blikbrein kan verrig, het 'n "opgewondenheid" in die atmosfeer om ons veroorsaak. Hierdie "opgewondenheid" het dan ook uitgebrei na die museumwêreld.

Nadere ondersoek van die potensiaal wat hierdie masjiene vir museumgebruik kan hê, het meegebring dat nie veel oortuigingswerk nodig was om vir die Nasionale Museum 'n Hewlett-Packard 87 minirekenaar aan te koop nie. Hierdie rekenaar pas maklik op 'n middelslagtafel en bestaan uit drie basiese komponente, nl. die *rekenaar* met skerm en toetspaneel, 'n *bandmasjien* en 'n *drukker*. Inligting aangaande museum-eksemplare word nou in die geheue van 'n magnetiese band vasgelê, wat in hierdie geval ± 400 eksemplaar-kaartjies sal vervang. 'n Voorbeeld van die nuwe gerekenariseerde eksemplaar-rekord word hiernaas vertoon en word alreeds deur die afdelings Soogdierkunde, Entomologie en Laer-Werweldiere gebruik. Die betrokke program is goedgunstelik deur dr. H. Kok van Port Elizabeth aan ons verskaf. Daar word tans ook aandag geskenk aan die

samestelling van soortgelyke kuratoriale programme vir die Voëlkunde, Akaralogie, Paleontologie en die Geesteswetenskaplike afdelings. 'n Basiese statistiese program is aangekoop wat so saamgestel is dat dit die navorser se taak vergemaklik.

Daar bestaan min twyfel dat die rekenaar, en veral die minirekenaar, van groot hulp kan wees by museumdokumentasie. Die vraag is egter of dit genoeg motivering is vir die kapitale uitleg wat gemaak is? Sal die rekenaar ooit die handvoorbereidingsstelsel van katalogisering vervang? Neem dit dan nie net so lank om 'n eksemplaar te katalogiseer met behulp van die rekenaar as wat dit die geval is met die "ou" stelsel nie? Regverdig 'n museum soos die Nasionale Museum 'n rekenaar? So kan ons menige vrae stel.

Dit is wel waar dat die rekenaar nooit die bestaande stelsel heeltemal sal kan vervang nie, want die hulpverlening van die kurator gaan nog in die toekoms van onskatbare waarde wees, veral weens die tempo waarteen versamelings groei, die groter betrokkenheid van die kurator by toenemende akademiese uitstallings, asook

Catalogue No. 784	Collected by C VD HEEVER	Determined by S DE WAAL
Coll. Date 4 SEP 1973	Grid Ref. 2726Ca3	Specimens 1
Name/s XENOPUS LAEVIS LAEVIS	Sex ?	Store Location AaB
Locality SMALDEEL (1245) HOOFSTAD		
Habitat WATER		
Material STORED IN 70% ALCOHOL		
Measurements & Stratigraphy 103 39 39		
Remarks		

groter navorsingsprojekte. Volgens spesifieke opdragte, wat deur middel van die toetspaneel aan die rekenaar oorgedra word, kan die rekenaar nou die tydrawende en soms byna onmoontlike taak van sortering en rangskikking van inligting doen. Dit is nou moontlik dat data gerangskik en kopieë gedruk kan word volgens die kurator se behoeftes, byvoorbeeld die alfabetiese rangskikking van eksemplare volgens naam, versamelaar, landstreek, provinsie of habitat. Dit is hierdie vermoëns van die rekenaar wat rekenaardokumentasie in 'n ander sfeer plaas wanneer dit vergelyk word met die konvensionele sisteem.

In antwoord op 'n navraag soos: "Is daar enige eksemplare van die bedreigde akkedis, *Cordylus giganteus* (ouvolk) in die herpetologie-versameling?" kan 'n positiewe antwoord vinnig sonder die hulp van die rekenaar gegee word.

Maar dikwels volg die volgende vraag: "Sal u asseblief so spoedig moontlik vir my 'n lys (met alle beskikbare data) van al die koggelmanders wat in die Vrystaat versamel is, aanstuur?" Weer eens is die antwoord bevestigend en sonder meer tik die rekenaar die lys volledig, volgens behoeftes, en word die aangevraagde inligting onmiddellik versend.

So kan die funksies van die rekenaar verder uitgebrei word tot die biblioteek, museum-administrasie en selfs die voorbereiding van navorsingsmanuskripte en illustrasies van enige aard. In geheel gesien kan die rekenaar net lei tot die verdere verhoging van die produktiwiteit van die Nasionale Museum. Dit lyk dus of die Museum 'n stap in die regte rigting gedoen het, al lig party mense hulle wenkbroue! Soos die ou gesegde lui: "'n Skilpad moet sy nek uitsteek om vorentoe te beweeg."

THE ROCK ELEPHANT SHREW

C.D. Lynch



Rock elephant shrew.

The elephant shrews are characterized by a long proboscis (hence the vernacular name of elephant shrew), large eyes and very long legs. Collectively they are grouped in the family Macroscelididae. Presently four genera are recognized and although the family is distributed throughout most of Africa, only one genus, namely *Elephantulus*, is represented in the Orange Free State. While this genus consists of

10 species only one, *E. myurus* (Rock elephant shrew; Klipklaasneus), occurs in the province. However, the Rock elephant shrew is also found in Zimbabwe, the Transvaal, western Mocambique, eastern Botswana, and in the Richmond (Cape Province) and Estcourt (Natal) vicinities. The range of the Rock elephant shrew therefore shows an entirely eastern southern African distribution pattern.